MUNISIPALITEIT SWARTLAND

KENNISGEWING 56/2019/2020

(1) **2018/2019 KONSEP JAARVERSLAG**
(2) **HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRESTASIE-EVALUERINGSVERSLAG VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR**
(3) **GOEDKEURING VAN DIE 2019/2020-2021/2022 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING**

---

(1) OPENBAARMAKING VAN 2018/2019 KONSEP JAARVERSLAG EN UITNODIGING OM VERTOË VOOR TE LÊ

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 21A van die Munisipale Stelsels Wet (Wet 32 van 2000), saamgelees met artikel 127(5)(a) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) dat die konsep jaarverslag vir die 2018/2019 finansiële jaar ter insae beskikbaar is. Hierdie verslag sluit onder andere in –

(1) die finansiële state;
(2) ouditverslag van die Ouditeur-Generaal; en
(3) die jaarlikse prestasieverslag.

Die publiek word genooi om vertoë met betrekking tot die jaarverslag voor te lê. Enige sodanige vertoë moet skriftelik voor **Donderdag, 5 Maart 2020 om 12:00** ingedien word by:

Die Munisipale Bestuurder
Munisipaliteit Swartland
Privaatsak X52
MALMESBURY 7299

Kennisgewing van Raadsvergadering, 31 Maart 2020 om 10:00

Kennis geskied verder ingevolge artikels 129(1) en 130(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) dat die 2018/2019 konsep jaarverslag tydens 'n Raadsvergadering op 31 Maart 2020 om 10:00 bespreek sal word, asook die vertoë daaromtrent ontvang. Die publiek word uitgenooi om voormelde vergadering, wat in die Malmesbury Banketsaal sal plaasvind, by te woon.

(2) HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRESTASIE-EVALUERINGSVERSLAG VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR

Kennis geskied hiermee in terme van artikel 72 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) asook die Munisipale Begroting- en Verslagdoening Regulasies van 17 April 2009 dat die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasie-evalueringsverslag vir die publiek ter insae beskikbaar is.
Enige navrae kan gerig word aan Leon Fourie by 022 487 9400.

(3) GOEDKEURING VAN DIE 2019/2020-2021/2022 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING

Kennis geskied hiermee dat die Raad van Munisipaliteit Swartland, tydens 'n vergadering gehou 30 Januarie 2020 'n resolusie aanvaar het ten opsigte van die goedkeuring van 'n aansuiweringsbegroting op die 2019/2020-2021/2022 begroting, opgestel in terme van artikel 28 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003. Enige navrae kan gerig word aan me Hilmary Papier by 022 487 9400.

PLEKKE WAAR DOKUMENTE BESKIKBAAR IS

'n Afskrif van bovermelde resolusies is in terme van die Munisipale Stelsels, Wet (32 van 2000) ter insae beskikbaar vir die publiek gedurende kantoorure by die munisipale kantore en/of biblioteke in Malmesbury, Moorreesburg, Darling, Abbotsdale, Chatsworth, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel en Yzerfontein. Die dokumente is ook beskikbaar op die webtuiste by www.swartland.org.za.

Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan me Nicolette Brand gedurende gewone kantoorure by die munisipale hoofkantoor in Malmesbury nader vir bystand om hulle vertoë op skrif te stel.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTOOR
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY

4 Februarie 2020